

Skriflesing: 1 Timotheus 5: 1 – 16Teks: **1 Timotheus 5: 1 – 3**Sing: **VOORAF SANG – Sb. 14-3 (53): 1,3****TYDENS EREDIENS- Ps. 71:1,9; Ps. 77:1,6; Ps. 68:3; Ps. 146:7,8****1 Timotheus 5: 1 – 16****1Ti 5:1 'n Ouer man moet jy nie skerp tereg wys nie, maar vermaan asof hy jou vader is. Vermaan die jonger mans soos jou broers,****1Ti 5:2 die ouer vroue soos moeders, en die jonger vroue soos susters, in alle eerbaarheid.****1Ti 5:3 Versorg die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is.****1Ti 5:4** Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.**1Ti 5:5** 'n Weduwee wat alleen agtergelaat is en niemand het om vir haar te sorg nie, vestig haar hoop volkome op God en volhard dag en nag met smeking en gebede.**1Ti 5:6** Maar 'n weduwee wat uitspattig lewe, is dood, al leef sy nog.**1Ti 5:7** Skerp ook hierdie dinge in, sodat almal onberispelik kan wees.**1Ti 5:8** As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.**1Ti 5:9** 'n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was.**1Ti 5:10** Sy moet bekend wees om haar goeie daede, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon.**1Ti 5:11** Jonger weduwees moet jy nie in die lys opneem nie. Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou.**1Ti 5:12** Dan is hulle daaraan skuldig dat hulle hulle vroeëre belofte aan Hom verbreek het.**1Ti 5:13** Buitendien leer hulle om hulle tyd te verkwis deur net van die een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie, maar ook bemoeisiek en praatsiek, en hulle praat oor dinge waarvoor nie gepraat moet word nie.**1Ti 5:14** Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry, hulle huise versorg en geen teenstander aanleiding gee om kwaad te praat van ons nie.**1Ti 5:15** Daar is reeds party wat agter die Satan aan afgewyk het.**1Ti 5:16** As 'n gelowige vrou weduwees in haar familie het, moet sy vir hulle sorg. Sy moet nie die las op die gemeente lê nie, sodat die gemeente die weduwees kan help wat alleen agtergelaat is.**Skriflesing:** 1 Timotheus 5: 1 – 16Teks: **1 Timotheus 5: 1 – 3**Sing: **VOORAF SANG – Sb. 14-3 (53): 1,3****TYDENS EREDIENS- Ps. 71:1,9; Ps. 77:1,6; Ps. 68:3; Ps. 146:7,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in hierdie reeks uit Timotheus het ons al baie keer na die Here se kerk verwys as 'n huisgesin. 'n Gedeelte wat ons nooit mag vergeet nie is die

Here se Woord in 1 Tim 3 v 15 as Paulus vir Timotheus skrywe 15 Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermmer van die waarheid.

Paulus het in sy laaste briewe nooit die gedagte van 'n huisgesin agter wou laat nie. In watter opsig hy ook al oor die kerk van die Here handel is sy vertrekpunt eintlik elke keer weer die gewone huisgesin het so baie te make met wat die Here se kerk ook as die Here se huisgesin direk raak. Huisgesinne is nooit maar los individue nie, maar is altyd op besondere wyse op mekaar aangewese. Huisgesinne bestaan ook uit verkillende ouderdomsgroepe. Daar is mans en vroue en kinders maar dan is daar ook weer mans wat ouer is as ander mans, vrouens wat ook weer ouer is as ander vroue. Mans en vroue is so op mekaar aangewese, die een kan

eintlik nie sonder die ander een aangaan nie. Wat vandag se hoofstuk in besonder maak is dat die vroue en die mans is nie eintlik maar twee groepe in 'n gemeente nie, maar daar is jonger vrouens en ouer vrouens soos wat daar jonger mans en ouer mans in die gemeente in Efese was. Die onderskeid raak nog fyner, want jy kry vroue wat alreeds weduwees was, maar dan kry ons hier vrouens wat hulle mans op 'n jonger leeftyd verloor het en weer 'n ander groep weduwees waarvan die mans oorlede is toe die vrouens ook alreeds 60 jaar of ouer was.

Dalk dink ons Paulus is nou maar net puntenerig en maak hy as mens die verskillende onderskeide wat ons vandag hier lees. Mag ons dadelik wil erken dis nie Paulus wat hier praat nie, maar die Here self en die Here is besig om na elke kind van Hom in besonder om te sien. Of dit nou 'n man is of 'n vrou, 'n ouer man, 'n ouer vrou, 'n vrou wat haar man jonk verloor het, 'n vrou wat haar man ook eers op 'n gevorderde leeftyd verloor het. Pastoraal wil die Here dat ons in sy kerk wakker moet wees en mooi na mekaar moet kan omsien, ook gemeet nie net of jy man vrou is nie, maar is jy 'n jonger vrou of dalk reeds 'n ouer vrou. In alles besef ons die uitgangspunt is al hierdie mense staan in die verband van families en huisgesinne wat almal in God se kerk, ja vanuit God se huisgesin in besonder na omgesien moet word.

Kom ons hierdie omsien na mekaar in vandag se gedeelte vanuit drie kante uitlig. Eerstens hoe daar voortdurend teregwysing, vermaning, ja orde en dissipline in alle geval van watter kant ook al moet wees. Hierna kom Paulus veral by die groep vroue in God se huisgesin uit wat as weduwees in die kerk gesien was. Baie besonders hoe Paulus nie net vir die kerk wil wys hoe die kerk vir haar weduwees moet sorg nie, maar hierdie versorgde weduwees wat ook hulle kant moet bring. Ons kan vra wat is dan ook hierdie weduwees se verantwoordelikheid op hulle beurt as dit gaan om God se kerk. Derdens hoe die Here self hierdie versorging en verantwoordelikhede motiveer. Die Here is nie net 'n kenner van ons harte nie, maar ook 'n kenner van ons behoeftes. Die Here ken ons mens-wees deur en deur ook wanneer ek en jy as mans en vroue ook deur die verskillende stadia van ons lewe gaan. Eerste dan –

In God se huisgesin is vermaning altyd nodig:

Hoe mooi begin die hoofstuk, ook deel van ons teksverse - *1 'n Ouer man moet jy nie skerp tereg wys nie, maar vermaan asof hy jou vader is. Vermaan die jonger mans soos jou broers, 2 die ouer vroue soos moeders, en die jonger vroue soos susters, in alle eerbaarheid.* Ons sien dit raak steeds aan wat Paulus in die vorige hoofstuk al vir die gemeente gesê dat al is

Timotheus nog jonk, mag niemand op sy jonkheid neersien nie. Hy werk in die gemeente as dienaar van God, deur God hier gestel; ons sal onthou Paulus sien Timotheus se deel wees van hierdie kerk in Efese as deel van 'n profesie van God wat die ouderlinge Timotheus die hande opgelê het om God se profete werk tot uitdrukking te bring. So sien ons vandag nog die begin van predikante-werk waar 'n proponent in God se huisgesin mag begin werk word hy die hande opgelê. Daardie handoplegging wat eenmaal 'n bedienaar van God se Woord hom te beurt geval het, moet altyd 'n blywende indruk, iets van 'n voortdurende dryfkrag in sy roeping en diens aan God wees. Hy moet iets van 'n besondere profeet vir God kan wees.

Timotheus was nog jonk toe God hom in hierdie gemeente ingebring het en hy hier bevestig was. Dadelik kon die gemeente hoor daar mag op jou jonkheid en die feit dat Timotheus klaarblyklik ook nie eers 'n baie gesonde mens was, neergesien word nie. Timotheus kon hoor drink bietjie wyn vir jou gereelde ongesteldhede.

Dan begin vandag se hoofstuk en Timotheus word vermaan tot versigtigheid. Moet nie in die kerk omdat jy nou hier bedienaar van die woord is, wil maak en breek nie. Werk altyd met almal in die grootste liefde. Met die ouer mans moet jy hulle soos vaders vermaan. Daar moet by jou deernis wees. Vermaan die jonger mans soos jou broers. As jy met die ouer vroue handel, wees net so versigtig. Hulle is in baie gevalle moeders, besondere moeders. Moet hulle nie te skerp tereg wys nie, maar vermaan die ouer vroue soos moeders en die jonger vrouens soos susters in alle eerbaarheid. Die 2020 Vertaling gebruik op die einde vir die woord eerbaarheid dat jou bedoelings moet reg wees, jou bedoeling in al hierdie vermanings moet suiwer wees.

In hierdie vermanings gaan dit ook om God se heiligheid. Daarom dat die ouer vertaling dit stel dat al hierdie vermanings moet in *alle reinheid* gebeur. Die feit is ons in die kerk is mekaar se wagters. Ons is hier om ook as wagters vir mekaar te dien. As Kain so half smalend vir die Here vra, nadat hy vir Abel doodgeslaan het, is *ek my broer se wagter*; dan laat God ons wagters rol uit die aarde na ons roep. Die bloed van jou broer roep na my van die aarde af.

Nie net die hemel is getuie dat niemand in hierdie kerk is hier vir homself of haarself nie, intendeel dit mag nooit ons vertrekpunt wees nie. Ek en jy is hier in die eerste plek vir Wie die Here is maar dan is ons hier ter wille van wie die ander kinders van die Here is. Ek mag

nooit hier wil wees omdat dit ek is wat tel en ek die belangrikste is nie. Hoe anders sal ons kerk-wees tog nie lyk as ons vertrekpunt veel eerder altyd kan wees, ons hier ter wille van mekaar en nie ter wille van myself nie. Die MEKAAR-TEKSTE is so ryk in God se Woord, daar is al n proefskrif deur van ons ouer predikant (dr. Pieter Heystek) hieroor geskryf.

In 'n sekere sin is ons gelese hoofstuk vandag besig om diep in te delf in hoe ons vir mekaar kerk van die Here moet wees. Hoe ons mekaar nie te skerp wil tereg wys, asof ons mekaar wil opeet nie. Paulus het in van sy oudste briewe dit ook gestel hoe werk julle so met mekaar asof julle mekaar wil opeet. Galasiërs 5:15- 15 *Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.* Die 2020 Vert sê 15 *As julle mekaar byt en verslind, pas op dat julle nie deur mekaar verorber word nie!* Vermaning moet altyd wees in liefde vir mekaar, in respek vir mekaar, in 'n werklike omgee vir mekaar. Die werklike omgee word in vandag se hoofstuk ook aan besondere vroulike kant gekoppel ... Die werklike omgee vir weduwees, maar ook die omgee wat weer van die weduwees moet kom ...

Die verantwoordelikheid vir weduwees en weer die weduwees se besondere verantwoordelikheid:

Weduwees was in die jare wat Paulus hierdie brief geskryf het, mense wat dit baie swaar in die lewe kon hê. Hoe het Jesus aan die kruis in van sy vroegste kruiswoorde vir sy aardse ma as weduwee voor omgee. Aan die kruis laat hy sy dissipel Johannes verstaan, Maria is nou jou verantwoordelikheid *vrou daar is u seun, seun daar is u moeder ...*(vgl. Joh.19:26-27). Broeder en suster, ons besef ons kan eintlik nie hieroor handel, anders as om Handeling 6 ook in gedagte te hou nie.

Oor Handeling 6 die eerste sewe verse is op sigself al dik boeke geskryf. Die kort en lank is 'n weduwee was 'n vrou wie se man dood was, maak nie saak hoe jonk of oud sy is nie en was sy veral gesien as weduwee as daar geen manlike persoon was ('n swaer, 'n volwasse seun of 'n broer)wat haar kon bystaan, haar kon help of ook vir haar geldelik of geregtelik kon intree in tye wat sy dit so broodnodig het. Die term weduwee wys nie net na die hartseer van die vrou dat haar man gesterf het nie, maar in baie gevalle was dit vroue wat broos moes aangaan, hulle het baie keer uitgestoot gevoel, hulle het regtig nodig gehad dat hulle gehelp moes word. Dit moet vir die kerk van die Here 'n eresaak wees, wanneer weduwees deel van ons is. Dit is hoe God wil ons hierna moet kyk. In Handeling 6 lees ons ook iets van dis 'n daaglikse behoefte, vroue wat in hulle daaglikse versorging bygestaan moes word.

In Handeling 6 lees ons van sulke vroue maar baie beslis was daar ook in Efese sulke vroue na wie Timotheus met 'n besondere omgee hand en hart na hulle moes kyk. Dadelik stel ons dit ook in die Ou Testament was weduwees dikwels deel van God se Woord hoe daar van die volk verwag was om vir die weduwees te sorg. Dink maar aan die bepaling in Deut. 24:19...
19 "Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet 'n gerf op die land, moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak.

Dit is teen hierdie besondere agtergrond waarteen ons die boek Rut ons eie maak. Rut was die weduwee wat gaan gerwe optel, toe haar toekomstige man, Boas, haar nie net in die oog gekry het nie, maar haar liefgekry het. Die boek Rut is so 'n aangrypende deel van God se Woord in weduwee konteks, in vroue konteks, in omgee konteks aan ons geopenbaar. Haar verbitterde ma Naomi, tog ook weduwee, terwyl Rut ook weduwee was, maar nie verbitterd nie, gereed om liefde te gee, maar ook gereed om liefgehad te word. Rut uit haar tyd sou sy ook in Paulus se tyd gelewe het, deel van die jonger weduwees sou vir haar ook die bevel kon geld ... *11 Jonger weduwees moet jy nie in die lys opneem nie. Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou. 12 Dan is hulle daaraan skuldig dat hulle hulle vroeëre belofte aan Hom verbreek het.*

Die Here die kenner van die mens se hart maar ook sy/haar begeertes, selfs op seksuele terrein. God laat Hom oor geen aspek van ons lewens onbetuig nie, in die mees intieme dele is God met ons op pad. Die hele boek Hooglied is 'n bevestiging hiervan. Die jonger weduwees wat eintlik weer gebring mag word waar die vrou in 1 Tim 2: 15 haar volle plek in die huisgesin van God mag inneem, om ook kindertjies in die verbond gebore te laat word en hulle God se huis mag inkom en die getal vol mag word. Dit dien tot redding vir haarself en die hele geredde mensdom - Dit wat snaaks mag klink maar so 'n groot waarheid bevat –
 Weer 1 Tim 2:15 ... *15 Maar sy sal haar redding vind in moederskap ...* of soos dit direk vertaal staan ... *15 Maar sy sal gered word deur kinders te baar* of soos die 2020 vertaling dit stel- *15 Maar sy sal verlos word te midde van kindergeboorte ...* Daarom dat die Here deur Paulus met die jonger weduwees dit vandag weer bevestig het ... *Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry, hulle huise versorg en geen teenstander aanleiding gee om kwaad te praat van ons nie*

Tog mag ons nie nalaat om die hele weduwee konteks goed te verreken nie. Dit gaan om die weduwees wat werklik alleen gelaat is terwyl die ander weduwees wat tog kinders of kleinkinders het, ook iets van die redding te midde van kindergeboorte op haar oudag mag beleef. Dan word van die kinders en kleinkinders verwag om hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom. Hulle ouers en grootouers moet gedra en versorg word, ons het gelees hulle moet *vergoed word*. Paulus benadruk dit- *Dit is volgens die wil van God*.

Tog gaan dit nie net oor die kerk se verantwoordelikheid teenoor hierdie weduwees nie, maar ook die weduwees se verantwoordelikheid teenoor die Here se kerk. Die ware gelowige weduwee wat besondere gawes ontvang het, wie se ouderdom al 60 jaar of ouer is, watter besondere gawe is hierdie weduwees aan die kerk, met hulle gawes. Paulus wou dat daar 'n lys opgestel moet word van sulke weduwees wat kan dien. Weduwees wat bekend moet wees vir hulle geloof en goeie werke. Die feit dat Paulus hulle wat 60 jaar en ouer boaan die lys wou stel is sekerlik maar prakties van aard. Dis vroue wat nie meer so direk na hulle eie gesinne moes omsien nie. Reeds vroue waarvan die liggaamlike en seksuele behoeftes op 'n ander vlak lê, hoe kosbaar kon hierdie lys van vroue nie in die gemeente gewees het nie.

Paulus wat baie keer deur vroue op 'n besondere wyse in sy bediening bygestaan was. Priscilla die vrou van Aquila het vir Paulus aan haar huis ook baie van Jesus wou leer. Die feit dat sy vrou was, was nie 'n struikelblok dat sy van die opdragte van Apollos wat sy vir Paulus mee moes onderrig nalaat nie. In God se Woord lees ons nie minder nie as vyf keer van hierdie merkwaardige vrou dienaar van die Here. Dalk was sy die vrou wat ook Paulus se hare moes skeer toe hy 'n belofte aan God gemaak het en sy hare geskeer moes word want hy wat Paulus is, het 'n gelofte aan die Here gemaak (Hand 18:18). Hoe besonder die werk van Priscilla met haar man Aquila, dink ook aan Febe daardie besondere vrou in Romeine 16 die eerste vers - as Paulus oor haar skrywe ... waarskynlik was sy ook 'n weduwee of ongetroude vrou, maar hoef nie diakonaal bygestaan te word nie. Intendeel van haar sê Paulus ... *1 Ek beveel ons suster Febe wat dienaar is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan. 2 Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun*. Febe wat by die oostelike hawe van Korinte gebly het, bekend as Kenchree, 'n vrou wat op die getuienis van Paulus die wese van ware kerk-wees, die huisgesin van God goed verstaan en goed bygestaan het. Sy het nie 'n amp nodig gehad nie, al wat sy wou wees is dienaar van Christus- in die Grieks *διάκονον τῆς ἐκκλησίας* diakonis van die gemeente.

As Paulus met Timotheus praat dan beseef hy watter besondere leerskool sulke ouer vroue aan die jonger vroue kan bied. In die opvoeding van hulle kinders, om hulle huishoudings reg in te rig, alles te veel om op te noem. Want dit wat God ons duidelik waarsku en wat Paulus vir Timotheus ook goed waarsku, pasop vir 'n ledige jong vrou. Hulle kan baie skinder, met onnodige stories en praatjies ander se huis inkom, hulle is vanweë hulle meer emosionele tipe van denke, moet vatbaar vir dwaling. Vers 13 is baie reguit - *13 Buitendien leer hulle om hulle tyd te verkwis deur net van die een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie, maar ook bemoeisiek en praatsiek, en hulle praat oor dinge waarvoor nie gepraat moet word nie.* Daarom kortliks ons laaste gedagte vandag-

Die Here ken ons mens-wees deur en deur:

Die Here is nie net Kenner van ons harte nie, maar ook Kenner van ons behoeftes. Paulus tree in opdrag van God op as hy Timotheus beveel dat tussen ouer vroue en jonger vroue moet hy kan fyn onderskei. Ons as mense gaan deur verskillende stadiums van ouderdom wat ook verskillende stadiums van mens-wees aandui. Weduwees moet weer kan en wil trou, daar moet nie vir hulle beletsel daarop wees nie. Trouens hulle dien God op die wyse, maar ook vroue wat mag voel hulle beste jare is verby, dis nie vir God verby nie. Hoe kosbaar kan hulle nog vir God in sy kerk wees.

Ons manier van lewe en hoe ons oor dinge oordeel moet altyd aan God se Woord gemeet kan word. Hoe mooi het ons gelese gedeelte dit vandag aan ons gewys. God ken jou en hy ken my. As jy by Christus ingelyf, man of vrou, jy is verlost in Christus, dan sal die Heilige Gees jou in wat jou geslag is ook lei en help. My hart en lewe gaan dit wys. Ons gaan altyd van sonde probeer wegvlug, nie daarmee wil voortploeter nie. Ons vlug met ons sonde na Christus toe, ook wanneer my sonde 'n stryd rondom my geslagtelikheid mag wees. As 'n weduwee sou sê sy glo, maar sy lewe net vir haarself en sy mors haar tyd om lui te wees of uitspattig te lewe, dan mag sy vermaan word en gevra word of sy regtig in die Here glo. Dit waarmee ons vandag begin het. Vermaan die ouer vroue, maar vermaan hulle soos moeders. Die wêreld moet mos kan sien dat ons werklik glo. Die wêreld moet beïndruk wees hoe God se kinders nie net vir hulleself lewe nie. Sulke praktiese dade vorm 'n sterk basis vir die uitdra van die evangelie. Dit begin by die lewe dan loop dit oor na die leer wat ons verlede Sondag by was. Mag dit vir die predikant, die diakens, die ouderlinge, die weduwees, die getroudes, die ongetroudes, die ou mense, die jong mense, mag dit vir elkeen vandag geld wat hierdie hoofstuk in die slothoofstukke van Paulus sy lewe mee wou afsluit. God ken jou,

met die vraag ken jy Hom waarlik, ook waar jy vir Hom diensbaar kan wees. Hier mag geen mens uitgesluit wees nie.

AMEN